
**5.1.015 Kerkplein** [Erwe 412 en 411 – ongeveer 1877]

Militêre parade tydens 'n wapenskou



[1] [2] [3] [4]

1. Ou Goewermentsgebou
2. European Hotel
3. Red Brick Store
4. Kerklaan

In 1877 word die Transvaal deur Engeland geannekseer. Hierdie is 'n foto van 'n militêre parade tydens die anneksasie, voor die eerste Goewermentsgebou op Kerkplein. Die presiese datum waarop die foto geneem is is nie bekend nie. Die wit gebou met die naambord op die stoep se dak is die European Hotel. Die dubbelverdiepinggebou skuins agter die hotel is die Red Brick Store van R.C. Green.

Op die hoekerf nommer 412, die sg. "Gouvernementserf", d.w.s. op die hoek van Markstraat [Paul Krugerstraat] en Kerkplein, is die eerste ou Goewermentsgebou in 1866/70 gebou, terwyl Pretoria se eerste tronkgebou ook in daardie jare op dieselfde erf op die hoek van Mark- en Pretoriusstraat opgerig is. Aan die westekant van die eerste ou Goewermentsgebou [op 'n gedeelte van Erf 411] het die bekende European Hotel vir baie jare gestaan. Die Goewermentsgebou, die tronk en die European Hotel is in November 1888 gesloop ten einde plek te maak vir die oprigting van die Staatsgebou, soos die Ou Raadsaal aanvanklik genoem is [Rex-2 p 21].

Die erf waarop die hotel staan was vroeg reeds verdeel in twee dele, 'n oostelike deel en 'n westelike deel. Alhoewel hulle nooit die eienaars van die hotel was nie het die oostelike deel van die erf voortdurend in besit van die Pretorius-familie gebly. In 1860 skenk M.W. Pretorius

die oostelike deel aan Christiaan Petrus Pretorius, wie dit in 1866 laat transporteer op die naam van Nicolaas Jacobus Pretorius. In 1884 kom dit weer terug op die naam van C.P. Pretorius, wie dit in 1887 aan die Staat verkoop vir die oprigting van die Ou Raadsaal [Pr-05 p 8-9; Pr-06p 16].

Carter & Co. adverteer in 1878 dat hulle die eienaars is van 'n nuwe restaurant, The Gridiron, wat sopas ge-open het. Mnr. Canile is die kok en die beste en sappigste tjops en 'steaks' in Pretoria word bedien. Die groot eetkamer [50 vt x 20 vt] is ook beskikbaar vir funksies en onthale [V 1878-05-14]. Ek dink die boere het maar gesukkel om die snaakse naam reg uit te spreek en net twee weke later word berig dat The Gridiron van Carter & Co. voortaan bekend sal staan as The European Hotel [V 1878-05-21].

In 'n volgende advertensie word die hotel beskryf as geleë russen R.C. Green se Red Brick Store en die Hooggeregshof [V 1878-05-28].

Daar was ook heelwat spekulasie met grond in ou Pretoria. In 1860 skenk M.W. Pretorius die westelike deel van Erf 411 aan Hendrik Stephanus Pretorius, wie dit in Junie 1873 verkoop aan William Leathern vir £35. Op dieselfde dag verkoop Leathern dit aan J.A. de Villiers vir £160. 'n Paar maande later, in Augustus 1873, verkoop De Villiers dit aan Bras Piedade Pereira vir £300. In 1878 koop Woodbine Cloete dit vir £300 en 'n jaar later verkoop Cloete dit aan R.C. Green vir £550 [Pr-07 p 17]. Die Staat koop in 1889 die westelike deel van die erf, uitgesonderd 'n klein driehoekige stukkie, van R.C. Green vir £9 500 [Pr-08 p 6].

R.C. Green adverteer in Februarie 1878 dat hy 'n nuwe winkel op Kerkplein geopen het [V 1878-02-12]. Die volgende maand is daar 'n advertensie dat hy verhuis na sy nuwe pakhuis, Het Rode Huis, langs die Goewermentskantoor [V 1878-03-05]. Dit is die dubbelverdiepinggebou wat oor die dak van die European Hotel sigbaar is. Later word dit die plekbesprekingskantoor van Carsons Red Starline Express Co. vir die passasierskoetsdiens na Kimberley [Dun-01 p 22].

Regs van die hotel sien ons Kerklaan. Dit is die straat wat ons vandag ken as Parlementstraat. Die geboutjie aan die regterkant van Kerklaan is 'n bakkery [Dun-01 p 18].

<u>Bronne</u>

Dun-01 Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston.

Eng-01 Engelbrecht, S.P. 1952. **Eeufees-Album: Pretoria se eerste eeu in beeld.** Pretoria: J.L. van Schaik. [foto p 29]

Pr-05 Rex, H.M. 1952. **Enige medeledings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.** Pretoriana, Deel 2, Nr. 2, Desember.

Pr-06 Rex, H.M. 1953. **Enige medeledings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.** Pretoriana, Deel 2, Nr. 3, April.

Pr-07 Rex, H.M. 1953. **Enige medeledings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.** Pretoriana, Deel 2, Nr. 4, Julie.

Pr-08 Rex, H.M. 1953. **Enige medeledings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.** Pretoriana, Deel 3, Nr. 1, September.

Rex-02 Rex, H.M. 1975. **Besienswaardighede in Pretoria.** Ongepubliseerde werk, argiewe van die Hervormde Kerk.

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria**. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-001]

---